- (17) Dit is wettig vir die registrateur van aktes om, nadat bewys tot sy voldoening gelewer is dat enige persoon, bona fide handelende, 'n fout begaan het ten opsigte van die registrasie van enige transport, toe te staan dat sodanige transporte wat nodig mag wees vir die verbetering van die voormelde fout, in die aktekantoor vry van hereregte aangeneem word.
- (18) As in enige geval enige persoon wat, nadat hy borgsteller geword het vir die betaling van die kooppeld vir enige eiendom deur die koper, sodanige kooppeld betaal het, en sodanige borgsteller die aldus betaalde geld ter oorsake van insolvensie, afwesigheid uit die Gebied of ander oorsaak nie kan terugkry nie, en gewillig of begerig is om transport van die eiendom op sy eie naam te neem, mag die registrateur van aktes, as hy dit goed dink, na bewyslewing aangaande die feite deur plegtige verklaring, die aanneming van die transport direk van die verkoper aan sodanige borgsteller na betaling van enkele regte, onverskillig of deur die koper of deur die borgsteller, asof die verkoop *ab initio* aan sodanige borgsteller geskied was, magtig; met die verstande dat niks hierin bevat die respektiewe regte en remedies van sodanige verkoper en sodanige koper ten opsigte van sodanige eerste of oorspronklike verkoop aantas nie.
- (19) Die Administrateur kan na goëddunke en kragtens 'n sertifikaat deur hom uitgereik, enige verkoop, ruiling, skenking, toekenning of transport van onroerende eiendom van die betaling van hereregte vrystel.

12. So dikwels as enige kontrak van verkoop waarop hereregte betaalbaar is, deur wedersydse toestemming van die verkoper en die koper gekanselleer en nietig verklaar word, voordat transport bewerkstellig is, sonder dat enige gedeelte van die kooppeld betaal of enige waardevolle vergoeding deur of ten behoeve van die koper gegee of belowe is, ten einde die toestemming van die verkoper tot sodanige kansellering te verkry, en ingeval sodanige verkoop aldus gekanselleer en nietig verklaar is binne ses maande vanaf die dag van verkoop, maar nie andersins nie, moet die hereregte op sodanige verkoop kwytskessel word: Met die verstande—

- (1) Dat die verkoper en die koper ten opsigte van sodanige kansellering plegtige verklaringe moet aflê wat in hoofsaak ooreenkomstig die vorms gemerk "M" en "N" in die Tweede Bylae moet wees.
- (2) Dat die magistraat, ingeval enige verkoper of koper tengevolge van enige oorsaak sodanige verklaring nie kan aflê nie, die verklaring van sodanige verkoper of koper agterweë kan laat en, as hy dit goed dink, die verklaring van enige agent of persoon wat met die omstandighede bekend is, kan vereis of aanneem.

13. So dikwels as enige kontrak van verkoop waarop hereregte betaalbaar is, tengevolge van wedersydse toestemming van die verkoper en koper gekanselleer en nietig verklaar word, voordat transport bewerkstellig is, dan, ingeval enige gedeelte van die koopprijs betaal of enige waardevolle vergoeding deur een van die twee partye aan die ander ten opsigte van sodanige kansellering gegee of belowe is, is hereregte betaalbaar net op die aldus betaalde som of die waarde van enige vergoeding ander dan geld aldus gegee, sodanige waarde te worde vasgestel op die wyse in sub-artikel (1) van artikel vyf van hierdie Ordonnansie voorsien; en die verkoper kan by 'n tweede verkoping van die voormelde eiendom die deur hom te make verklaring wysig, deurdat hy die omstandighede van sodanige vorige verkoop en die kansellering daarvan vermeld.

such duty if paid before the sequestration shall be returned; and in case of subsequent sale of such property out of the insolvent estate the declaration of the seller may be altered so as to set forth the fact of such previous sale and of such cancellation thereof.

- (15) As often as the trustee of any insolvent estate shall elect to abandon any agreement which shall have been entered into by the insolvent for the purchase or exchange of any immovable property, no transfer duty shall be payable upon such sale: Provided that such duty, if it has been paid by the insolvent, shall not be returned; and provided that the solemn declaration to be made by the vendor, in case he shall make any second or subsequent sale, shall be as nearly as is material in the form marked "L" in the second Schedule.
- (16) As often as any insolvent shall, by agreement with his creditors, be permitted to retain or take over any of the immovable property which belonged to such insolvent at the date of the order of sequestration and still remaining unregistered in the name of such insolvent, no transfer duty shall be payable upon such transaction.
- (17) It shall be lawful for the Registrar of Deeds upon proof made to his satisfaction, that any person acting *bona fide*, has made a mistake in regard to the registration of any transfer, to permit such transfers as may be necessary for the correction in the Deeds Registry of the said mistake to be passed free of transfer duty.
- (18) If in any case any person who having become surety for the payment by the purchaser of the purchase money of any property shall have paid such purchase money, and by reason of insolvency, absence from the Territory or other cause, such surety shall be unable to recover the money so paid, and shall be willing or desirous of taking transfer of the property into his own name, the Registrar of Deeds may, if he shall see fit, upon proof by solemn declaration of the facts, authorise the passing of transfer of the property direct from the vendor to such surety upon payment of single duty, whether paid by the purchaser or by the surety, as if the sale had been *ab initio*, to such surety: Provided that nothing herein contained shall effect the respective rights and remedies of such vendor and such purchaser in regard to such first or original sale.
- (19) The Administrator may in his discretion and under a certificate issued by him exempt from the payment of transfer duty any sale, exchange, donation, grant, or transfer of immovable property.

12. As often as any contract of sale upon which transfer duty shall be payable, shall be cancelled and rescinded by mutual consent of the vendor and the purchaser, before transfer made, without any part of the purchase money having been paid, or any valuable consideration given or promised by or on behalf of the purchaser, for the purpose of obtaining the consent of the vendor to such cancellation, the transfer duty upon such sale shall be remitted, and in case such sale shall have been so cancelled and rescinded within six months from the day of sale, but not otherwise:

- Provided — (1) That the vendor and the purchaser shall make, in reference to such cancellation, solemn declarations, which shall be, in substance, in the forms marked "M" and "N" in the second Schedule;
- (2) That the Magistrate may, in case any vendor or purchaser shall from any cause be unable to make such declaration, dispense with the declaration of such vendor or purchaser and may, should he see fit, require or accept the declaration of any agent or person acquainted with the circumstances.

13. As often as any contract of sale upon which transfer duty shall be payable, shall be by mutual consent of the vendor and purchaser cancelled and rescinded before transfer made, then, in case any part of the purchase price shall have been paid, or any valuable consideration shall have been given or promised by either party to the other, for or in respect of such cancellation, transfer duty shall be payable only upon the sum so paid or the value of any consideration other than money so given such value to be ascertained in the manner in sub-section (1) of section five of this Ordinance provided; and the vendor may, on a second sale of the said property, amend the declaration to be made by him by setting forth the circumstances of such previous sale and the cancellation thereof.

14. Wanneer enige persoon wat begeer dat enige transport of verandering van naam in die kantoor van aktes van hierdie Gebied bewerkstellig word, aanspraak maak op vrystelling van die betaling van hereregte kragtens en ingevolge enige van die vrystellings in hierdie Ordonnansie genoem en bevat, is dit die plig van die registrateur van aktes om hehoorlike bewys deur plechtige verklaring so nodig van alle feite en omstandighede ter oorsake of op grond waarvan sodanige vrystelling verlang word, op te eis; en hy kan ook die vertoning van enige aktes of dokumente in verband met die saak en wat strek om te bewys of sodanige vrystelling volgens wet toegelaat behoort te word al dan nie, verlang.

15. So dikwels as enige vraag ontstaan tussen die registrateur van aktes en enige persoon wat beweert dat hy geregtig is op enige sodanige vrystelling soos voormeld ten opsigte van die reg of sodanige vrystelling of die omvang van daardie reg of, in die algemeen, enige saak betreffende die bedrag waarop van enige sodanige persoon hereregte billikerwys en wettig gevorder mag word, is en mag dit vir die regter van die Hooggeregshof in Camera wettig wees om die voormelde registrateur van aktes te verhoor, en die voormelde persoon (of enige persoon of persone wat elkeen respektiefluk verteenwoordig) aangaande die onderhawige saak te verhoor en om die bewyse, indien enige, wat ter staving van die eis op vrystelling aangebied is te ondersoek, en om sodanige verdere bewyse op te eis as wat nodig mag wees, en op sumiere wyse, as hy dit goed dink, sodanige bevel in die omstandighede te gee wat op justisie betrekking het: Met die verstande dat sodanige regter mag beveel dat enige sodanige vraag by wyse van musie voor die Hooggeregshof gebring word, sodat dit gehoor en daarvoor beslis mag word.

Aangaande Verkope aan Agente vir Beweerde Prinsipale.

16. So dikwels as enige onroerende goedere by publieke veiling verkoop word, moet die vendu-afslaer voor of by of onmiddellik na die sluiting van die bod van die bieder vir wie hy koop uitvind, en as sodanige bieder verklaar dat hy vir enige persoon ander dan hyself koop, dan moet die vendu-afslaer of sy assistent, ingeval die aldus bekendgemaakte koper goedgekeur word, in geskifte die naam van sodanige bieder en van die koper vir wie hy koop noteer en tot tyd en wyl die naam van die koper, hetsy die bieder self of iemand anders vir wie hy koop in geskifte genoteer is, mag daar geen verkoop aan enige persoon plaasvind nie, en die eiendom mag weer in veiling gebring word: Met die verstande dat dit nie nodig sal wees dat die naam van die persoon vir wie enige bieder koop, in die openbaar aan die omstanders bekendgemaak word nie, as dit aan die vendu-afslaer bekendgemaak word, en deur hom of sy assistent in geskifte genoteer word soos voormeld.

17. Ingeval enige bieder wie se bod deur die vendu-afslaer aangeneem is, weier om te verklaar wanneer hy deur die vendu-afslaer opgeroep word, vir wie sodanige bieder koop, is dit wettig vir die vendu-afslaer om sodanige bieder te behandel en te beskou, asof hy self die koper was, en sodanige bieder moet in sodanige geval feitlik geag en beskou word die koper te wees; of die vendu-afslaer kan desverkieende sodanige bod as van nul en gener waarde behandel en opnuut voortgaan, asof dit nooit gemaak was nie: Met die verstande dat dit aan die vendu-afslaer, nadat hy eenmaal sy keuse gedoen het om of sodanige bieder as die koper te behandel of opnuut met die verkoop aan te gaan, nie sal vrystaan om sy keuse naderhand te verander nie.

18. As in enige geval enige bieder soos voormeld die naam van enige persoon aankondig as synde dié van sy prinsipaal wat as die koper genoteer moet word, en as sodanige prinsipaal naderhand weier om die eiendom in sy naam gekoop te ontvang, dan, tensy die bieder 'n voldoende magtiging in geskifte van sodanige beweerde prinsipaal voorlê wat sodanige bieder magtig om sodanige koop vir sodanige prinsipaal te doen, is die bieder self (sonder ander vrae tussen die partye te benadeel) verplig om hereregte te betaal: Met die verstande dat sodanige bieder wat hereregte betaal, geregtig is om dit van sy prinsipale terug te kry, ingeval hy daarin slaag om te bewys dat sodanige prinsipaal hom inderdaad magtiging gegee het om die koop in kwessie te sluit.

19. Die voorsieninge van die laas voorafgaande artikel met betrekking tot die kope op publieke veilinge deur agente vir beweerde prinsipale het *mutatis mutandis* toepassing op die kope gesluit deur agente vir beweerde prinsipale by verkopinge wat nie publieke veilinge is nie.

20. Geen vendu-afslaer, makelaar of agent mag die naam van enige koper wat koop op die wyse gewoonlik "q.q." genoem en geskrywe, ten opsigte van enige koop noteer of ontvang nie of in enige ander vorm die naam van enige persoon wat vir 'n nie-genoemde prinsipaal koop, ontvang nie; en enige vendu-afslaer, makelaar, of agent wat hierdie artikel van hierdie Ordonnansie oortree, is blootgestel en aanspreeklik vir 'n boete van hoogstens vyftig pond.

14. Whenever any person requiring to have any transfer or change of name effected in the Deeds Registry Office of this Territory shall claim to be exempted from the payment of transfer duty under and by virtue of any of the exemptions mentioned and contained in this Ordinance, it shall be the duty of the Registrar of Deeds to require due proof by solemn declaration if need be of all facts and circumstances by reason or on account of which such exemption is demanded, and he may also require the production of any deeds or instruments connected with the case and tending to show whether or not such exemption ought by law to be allowed.

15. As often as any question shall arise between the Registrar of Deeds and any person claiming to be entitled to any such exemption as aforesaid, regarding the right to such exemption, or the extent of that right, or generally, any matter concerning the amount upon which any such person shall justly and legally be chargeable with transfer duty, it shall and may be lawful for the Judge of the High Court sitting in Chambers, to hear the said Registrar of Deeds and the said person (or any person or persons representing each respectively) as to the matter in question, and to examine the proofs, if any, which shall have been offered in support of the claim to exemption and to call for such further proofs, as may be necessary, and, in a summary manner, to make, if he shall so think fit, such order in the premises as shall to justice appertain: Provided that such Judge may direct any such question to be brought, by way of motion before the High Court in order that the same may be heard and determined.

As to Sales to Agents for Alleged Principals.

16. As often as any immovable property shall be sold by public auction, the auctioneer shall, before or at, or forthwith after, the closing of the bidding, ascertain from the bidder for whom he purchases, and if such bidder shall profess to purchase for some person other than himself, then the auctioneer, or his assistant, shall, in case the purchaser so disclosed shall be approved of, take down, in writing, the name of such bidder and of the purchaser for whom he purchases, and until the name of the purchaser, whether the bidder himself or some one else for whom he purchases, shall have been taken down, in writing, there shall be no sale to any person; and the property may be again put up to competition: Provided that it shall not be necessary that the name of the person for whom any bidder shall be purchasing, shall be announced publicly to the bystanders, if it be made known to the auctioneer, and be by him or his assistant taken down in writing as aforesaid.

17. Should any bidder, whose bid shall have been accepted by the auctioneer, refuse to declare, when called upon so to do by the auctioneer for whom such bidder purchases it shall be lawful for the auctioneer to treat and consider such bidder as being himself the purchaser, and such bidder shall, in such case, be deemed and taken to be, to all intents and purposes, the purchaser; or the auctioneer, at his election, may treat such bidding as null and void, and proceed afresh as if it had never been made: Provided that the auctioneer, having once made his election either to treat such bidder as the purchaser, or to proceed to sell afresh, shall not be at liberty afterwards to alter such election.

18. If, in any case, any bidder should declare, as aforesaid, the name of some person as his principal, who shall be taken down as the purchaser, and who shall afterwards refuse to accept the property purchased in his name, then, unless the bidder shall produce a sufficient authority, in writing, from such alleged principal, authorising such bidder to make such purchase for such principal, the bidder shall himself (without prejudice to other questions between the parties) be liable to pay transfer duty: Provided that such bidder, paying transfer duty, shall be entitled to recover the same from his principals, in case he shall succeed in proving that such principal did, in fact, give him authority to make the purchase in dispute.

19. The provisions of the last preceding section relative to purchases at public sales by agents for alleged principals, shall extend and apply, *mutatis mutandis*, to purchases made by agents for alleged principals, at sales not being public sales.

20. No auctioneer, broker, or agent shall take down or receive in regard to any purchase, the name of any purchaser as purchasing in the manner commonly called and written "q.q." or receive, in any other form, the name of any person as purchasing for an unnamed principal; and any auctioneer, broker, or agent contravening this section of this Ordinance shall incur and be liable to a penalty not exceeding fifty pounds.

21. As in enige geval die persoon wie se naam aangekondig en genoteer is as die koper van enige eiendom, ontken dat hy magtiging vir die sluiting van sodanige koop gegee het, of as sodanige persoon om enige ander rede weier om sodanige koop aan te neem, en die agent of beweerde agent gewillig is om sodanige eiendom vir sy eie individuele rekening te neem, en die verkoper sy toestemming daartoe gee, is daar geen hereregte op die verkoop of beweerde verkoop aan die beweerde prinsipaal betaalbaar nie, maar net 'n enkele herereg, asof die verkoop aan die beweerde agent in sy individuele hoedanigheid *ab initio* gesluit was; en die plegtige verklaringe wat volgens wet afgelê moet word, moet verander word op die wyse aangegee in die vorms gemerk "O" en "P" in die Tweede Bylae.

22. Enige private verkoop of verkope wat andersins as deur veiling gesluit is, ten opsigte waarvan die koper nie verklaar dat hy vir homself in sy individuele hoedanigheid koop nie, is geheel en al van nul en gener waarde, tensy die naam van die prinsipaal vir wie die koop gesluit word, tydens die sluiting en voltooiing daarvan, bekendgemaak word in geskryfte in die nota of memorandum, indien enige, wat ten opsigte van sodanige verkoop gemaak mag word, ingevoeg is.

Allerlei.

23. So dikwels as enige dispuut of kwessie ontstaan tussen 'n veronderstelde verkoper en 'n veronderstelde koper waarin die veronderstelde verkoper beweer dat 'n verkoop van onroerende goedere deur die een van hulle aan die ander van hulle werklik 'n voldonge feit was, en die veronderstelde koper aan die ander kant die feit ontken dat sodanige verkoop plaasgevind het, is dit wettig vir die Magistraat om te eniger tyd binne ses maande onmiddellik na sodanige veronderstelde verkoop en na bewys tot sy voldoening gelewer is dat daar geen kollusie tussen die veronderstelde verkoper en die veronderstelde koper bestaan nie, om sodanige veronderstelde verkoper te magtig om, in die geval van 'n toekomstige verkoop van dieselfde eiendom aan 'n verskillende persoon, die gewone vorm van plegtige verklaring wat ten opsigte van sodanige toekomstige verkoop gemaak moet word, te verander deur in sodanige verklaring te verklaar dat hy die voormelde eiendom nooit aan enige persoon verkoop het nie, behalwe aan die persoon in sodanige verklaring as die koper genoem, so nie aan ene A.B. nie, wat die feit van sodanige verkoop egter betwis en ontken het, waarop die voormelde, verkoop deur die persoon wat sodanige verklaring maak opgegee en prysgegee is, en die magistraat se magtiging verkry om die vorm van die voormelde verklaring te verander, teneinde dit konform te maak met die feite.

24. So dikwels as enige persoon wat enige eiendom verkoop het waarop hereregte betaalbaar is, dit aan die magistraat doen blyk dat die koper van sodanige eiendom nie binne die Gebied gevind kan word nie of die Gebied verlaat het sonder transport te neem en sonder enige gedeelte van die koopgeld te betaal, en dat dit vir sodanige verkoper nie moontlik is om die uitvoering van die kontrak te verkry of te handhaaf nie, is dit vir die magistraat wettig om aan die voormelde verkoper toe te staan, ingeval hy die voormelde eiendom weer verkoop, dat hy die nodige verandering in die vorm van die plegtige verklaring wat deur hom ten opsigte van sodanige tweede verkoop afgelê moet word, maak: Met die verstande dat niks hierin bevat die wet ten opsigte van die respektiewe regte of remedies van sodanige verkoper en sodanige koper ten opsigte van sodanige eerste of oorspronklike verkoop verander of aantas nie.

25. In die geval van 'n tweede of daaropvolgende verkoop van enige eiendom van tevore verkoopte eiendom mag die plegtige verklaring wat deur die verkoper ten opsigte van sodanige tweede of daaropvolgende verkoop afgelê moet word, onderhewig aan die voorsieninge van hierdie Ordonnansie, verander word op die wyse aangegee op die vorm gemerk "Q" in die Tweede Bylae.

26. In enige geval waarin hereregte op enige kontrak van verkoop betaalbaar geword het en sodanige kontrak nie voltooi is nie, is dit wettig vir die verkoper, as hy 'n daaropvolgende verkoop van die voormelde eiendom aan 'n ander koper bewerkstellig, om die bedrag van enige sodanige hereregte waarvoor die eerste koper volgens wet aanspreeklik geword het te betaal, as sodanige eerste verkoper versuim of geweier het om dit te betaal; en sodanige verkoper is geregtig om die aldus betaalde geld van die eerste koper terug te kry as so veel geld vir sy nut betaal; met die verstande dat die aldus deur die verkoper ten opsigte van sodanige eerste verkoop af te lê plegtige verklaring in die gewone vorm van verklaring van die verkoper moet wees, en geen verklaring is van die eerste koper nodig nie.

27. Ingeval enige verkoop en koop of ander transaksie waarop hereregte vorderbaar is, voor die aanneming van hierdie Ordonnansie voltooi was, en ingeval 'n plegtige verklaring vereis deur die Wet wat tydens die voltooiing van

21. If, in any case, the person whose name shall have been declared and taken down as the purchaser of any property shall deny that he gave authority for the making of such purchase, or if, for any other reason, such person shall decline to accept such purchase, and the agent or alleged agent, shall be willing to take such property for his own individual account, and the vendor shall consent thereto, no transfer duty shall be payable upon the sale or alleged sale to the alleged principal; but only a single transfer duty, as if the sale had been made, *ab initio*, to the alleged agent, in his individual capacity; and the solemn declarations by law required to be made, shall be altered in the manner indicated in the forms marked "O" and "P" in the second Schedule.

22. Every private sale or sale made otherwise than by auction, in regard to which the purchaser shall not profess to purchase for himself, in his individual capacity, shall be wholly null and void, unless, at the time of the making and completion thereof, the name of the principal for whom the purchase is made shall be disclosed, and inserted in the note or memorandum, in writing, if any, which may be made in regard to such sale.

Miscellaneous.

23. As often as any dispute or question shall arise between a supposed seller and a supposed purchaser, the supposed seller alleging that a sale of immovable property by the one of them to the other of them was actually completed, and the supposed purchaser on the other hand denying the fact that such a sale took place, it shall be lawful for the Magistrate, at any time within six months next after such supposed sale, upon the application of such supposed seller, and upon proof made to his satisfaction that no collusion exists between the supposed seller and the supposed buyer, to authorise such supposed seller, in case of a future sale of the same property to a different person, to alter the ordinary form of solemn declaration to be made in reference to such future sale by stating in such declaration that he never sold the said property to any person except the person named in such declaration as the purchaser, if not to one A.B., who, however, disputed and denied the fact of such sale, whereupon the said sale was given up and abandoned by the person making such declaration, and the Magistrate's authority obtained for altering the form of the said declaration so as to make it conformable to the fact.

24. As often as it shall be made to appear to the Magistrate by any person who shall have sold any property upon which transfer duty shall be payable, that the purchaser of such property cannot be found within the Territory or has left the Territory without taking transfer, and without paying any part of the purchase money, and that such vendor is unable to obtain or enforce the fulfilment of the contract, it shall be lawful for the magistrate to permit the vendor aforesaid, in case he shall sell the said property again, to make the necessary alteration in the form of the solemn declaration to be made by him in reference to such second sale: Provided that nothing herein contained shall alter or affect the law in reference to the respective rights or remedies of such vendor and such purchaser, in regard to such first or original sale.

25. In case of a second or subsequent sale of any property previously sold, the solemn declaration to be made by the vendor, in regard to such second or subsequent sale, may, subject to the provisions of this Ordinance, be altered in the manner indicated in the form marked "Q" in the second Schedule.

26. In any case in which transfer duty shall have become payable upon any contract of sale, and such contract shall not have been completed, it shall be lawful for the vendor, if he shall make a subsequent sale of the said property to another purchaser to pay the amount of any such duty for which the first purchaser shall have become liable by law, if such first purchaser shall have neglected or refused to pay the same; and such vendor shall be entitled to recover the sum so paid from the first purchaser as so much money paid for his use; provided that the solemn declaration to be made by the vendor, in regard to such first sale, shall be in the ordinary form of a vendor's declaration, and no declaration shall be necessary from the first purchaser.

27. In case any sale and purchase or other transaction upon which transfer duty is chargeable shall have been before the passing of this Ordinance and a solemn declaration re-

sodanige verkoop en koop of ander transaksie bestaan afgelê is, is daar geen verdere verklaringe kragtens die voorsieninge van hierdie Ordonnansie nodig nie, maar in alle gevalle waar nog geen sodanige verklaring afgelê is nie, moet die verklaringe wat afgelê en onderteken moet word, diegene wees wat by hierdie Ordonnansie voorgeskryf word: Met die verstande dat waar geen vorm van 'n verklaring voorgeskryf is nie om vir die omstandighede van enige besondere geval te pas, die Magistraat die nodige verklaring mag optrek, deurdat hy enigeen van die voorgeskrywe vorms dien-ooreenkomstig bewerk.

28. Die verskeie verklaringe in hierdie Ordonnansie genoem of daardeur benodig, onverskillig of in die vorm uiteengesit in die Tweede Bylae of deur die Magistraat opgetrek, soos in die laasvooraangaande artikel voorsien, moet respektieflik voor sodanige persone afgelê word as volgens wet geregtig is of sal wees om ede af te neem, en enige persoon wat met opset en op bedrieglike wyse enige sodanige verklaring onderteken, wetende dat dit in enige wesentlike besonderheid onwaar is, word geag skuldig te wees aan die misdaad van oortreding van hierdie artikel van hierdie Ordonnansie en moet na skuldigbevinding sodanige straf ondergaan, as volgens wet voorsien is vir die misdaad van meeneed.

29. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleinde aangehaal word as die Konsolidasie- en Wysigings-Ordonnansie betreffende Hereregte 1935.

EERSTE BYLAE.

WETTE HERROEP.

Nummer en jaar.	Titel.	Omvang van herroeping.
1. Ordonnansie van die Goewerneur van Duits Suidwes-Afrika van die 19de Maart 1909.	Betreffende die belasting van grondeiendom in die Duits Suidwes-Afrikaanse Protektoraat.	Vir sover dit betrekking het op hereregte.
2. Proklamasie No. 32 van 1920.	De Gewijzigde Proklamasie voor de belasting op Landeigendom 1920.	Artikels twee, drie, vier, vyf, ses, sewe en ag.

TWEDE BYLAE.

VORM "A".

VERKLARING VAN VERKOPER.

EK, A.B., verklaar hiermee plegtig en opreg dat ek op die dag van 19 en nie voor dié tyd aan C.D. die hierin beskrewende eiendom, te wete: (beskryf die eiendom hier) verkoop het, en dat die volle en ware vergoeding wat vir sodanige verkoop aan my gegee of belowe is £ is, en ek verklaar voorts dat daar geen ooreenkoms, voorwaarde of verstandhouding tussen my en die voormelde C.D. is nie waardeur hy enige geldsom oor en bo die voormelde som van £ aan my of aan enige ander persoon, wie dan ook, vir of ten opsigte van of in verband met die koop van die voormelde eiendom deur hom betaal het of moet betaal nie, behoudens en behalwe sekere vorderinge of betalinge wat onder een of meer van die poste of items van vorderinge of betalinge genoem in artikel vier van die Konsolidasie- en Wysigings-Ordonnansie betreffende hereregte 1935 val of binne hulle bereik kom.

En ek verklaar verder dat ek geen waardevolle vergoeding behalwe die voormelde som van £ ontvang het of moet ontvang nie en dat geen ander persoon dit vir my gebruik of voordeel of op my aandrang of versoek ontvang het of moet ontvang nie, behoudens en behalwe vir sover enige van die bovermelde en deur die voormelde C.D. te betale vorderinge geag of beskou mag word vir my of ten behoeve van my betaalbaar te wees.

En ek verklaar verder dat die voormelde C.D. die enigste persoon is wat ooit die voormelde eiendom van my gekoop het, en dat ek dit nooit aan enige ander persoon verkoop het nie. En ek lê hierdie plegtige verklaring af, konsensieus gelowende dat dit waar is.

A.B.

Verklaar voor my op hierdie dag van 19

MAGISTRAAT OF KOMMISSARIS
VAN EDE.

quired by the law existing at the time of the completion of such sale and purchase or other transaction shall have been made, no further declarations under the provisions of this Ordinance shall be necessary, but in all cases, where no such declaration shall have yet been made, the declarations to be made and subscribed shall be those directed by this Ordinance: Provided that where no form of declaration has been prescribed to fit the circumstances of any particular case the Magistrate may draw up the necessary declaration, adapting any one of the prescribed forms accordingly.

28. The several declarations mentioned in or required by this Ordinance, whether in the form set forth in the second Schedule or drawn up by the Magistrate, as in the last preceding section provided, shall be made before such persons respectively as are or shall be by law entitled to administer oaths, and any person who shall wilfully and corruptly make and subscribe any such declaration, knowing the same to be untrue in any material particular, shall be deemed to be guilty of the crime of contravening this section of this Ordinance, and shall upon conviction thereof, suffer such punishment as shall be by law provided for the crime of perjury.

29. This Ordinance may be cited as the Transfer Duty Consolidation and Amendment Ordinance, 1935.

FIRST SCHEDULE.

LAWS REPEALED.

Number and Year.	Title.	Extent of Repeal.
1. Ordinance of the Governor of German South West Africa of the 19th March, 1909.	Concerning the Taxation of Landed Property in the German South West African Protectorate.	In so far as it relates to Transfer Duty.
2. Proclamation No. 32 of 1920.	Taxation of Landed Property Amendment Proclamation, 1920.	Sections two, three, four, five, six, seven and eight.

SECOND SCHEDULE.

FORM "A".

DECLARATION OF SELLER.

I, A.B., do solemnly and sincerely declare that on the day of 19, and not before, I sold to C.D. the property herein described, that is to say (here describe the property), and that the full and true consideration passing to me for such sale is £ and I further declare that there is not any agreement, condition, or understanding between me and the said C.D. whereby he has paid, or is to pay, to me or to any other person whomsoever for or in respect of or in connection with the purchase by him of the said property any sum of money over and above the said sum of £, save and except certain charges or payments which fall under or come within one or more of the heads or items of charges or payments mentioned in section four of the Transfer Duty Consolidation and Amendment Ordinance, 1935.

And I further declare that I have not received and that I am not to receive, nor has any other person received nor is any other person to receive for my use or benefit, or at my instance or request, any valuable consideration besides the said sum of £, save and except in so far as any of the charges above-mentioned and to be paid by the said C.D. might be held or taken to be payable for me or on my behalf.

And I further declare that the said C.D. is the only person who has ever purchased the said property from me, and I never sold the same to any other person. And I make this solemn declaration conscientiously believing the same to be true.

A. B.

Declared before me this day of 19

MAGISTRATE, OR COMMISSIONER
OF OATHS.

VORM "B".

VERKLARING VAN KOPER.

Ek, C.D., verklaar plegtig dat ek op die dag van 19, en nie voor dié tyd nie, van A.B. die hierin beskrewe eiendom (beskryf hier die eiendom) gekoop het, en dat die volle en ware vergoeding wat my vir sodanige eiendom, hetsy aan die voormelde A.B. of aan enige ander persoon in verband met sodanige verkoop gegee is, £ bedra, en ek verklaar verder dat ek geen ander waardevolle vergoeding vir of ten opsigte van of in verband met die vervreemding aan my van die voormelde eiendom gegee het nie en dat niemand, vir sover ek weet, dit op my rekening gegee het of dat dit deur my of ten behoeve van my gegee moet word nie, behoudens en behalwe sekere vorderinge of betalinge wat onder een of meer van die poste of items van vorderinge en betalinge genoem in artikel vier van die Konsolidasie- en Wysigings-Ordonnansie betreffende Hereregte 1935 val of binne hulle bereik kom.

En ek lê hierdie plegtige verklaring af, konsensieus gelowende dat dit waar is.

Verklaar voor my op hierdie dag van 19, C.D. MAGISTRAAT OF KOMMISSARIS VAN EDE.

VORM "C".

VERKLARING VAN RUILING.

Ons, die ondergetekendes, respektieflik eienaars van die volgende eiendomme, te wete:

Ek, die voormelde, eienaar van, en Ek, die voormelde, eienaar van, verklaar afsonderlik, plegtig en opreg dat ons onderling met mekaar ooreengekom het aangaande die volgende ruiling, te wete:

(Besonderhede van die ruiling en waarde van die verruilde eiendom en die waarde van enige vergoeding (ander dan die waarde van die aldus verruilde eiendom, indien enige), deur die een aan die ander of enige persoon ten behoeve van hulle gegee of belowe.)

En ons verklaar dat nóg ons nóg enige persoon, sover ons weet, op ons rekening enige geld of ander waardevolle vergoeding, ander dan hierinlater genoem, vir of ten opsigte van die ruiling en onderlinge transport van die voormelde eiendomme gegee of ontvang het nie, en dat daar geen sodanige geld of vergoeding deur ons of ten behoeve van ons gegee of ontvang moet word nie, en ons lê hierdie plegtige verklaring af, konsensieus gelowende dat dit waar is.

Verklaar voor my te dag van 19, op hierdie (w.g.) (w.g.) MAGISTRAAT OF KOMMISSARIS VAN EDE.

VORM "D".

VERKLARING VAN DONATEUR.

Ek, A.B., verklaar plegtig dat, in aanmerking nemende die spesiale toegeneentheid en agting wat ek vir C.D. voel en koester, en uit hoofde van die goeie en geldige konsiderasie wat my spesiaal daartoe noop, ek by wyse van *donatio inter vivos* of skenking tussen lewende persone onherroeplik aan en ten voordele van C.D. geskenk, gegee en verleen het, sekere eiendom:

(beskryf die eiendom hier).

En ek, die voormelde A.B., verklaar verder dat ek die voormelde eiendom as 'n skenking aan die voormelde C.D. op die dag van 19, en nie voor daardie datum nie, gepresenteer het, en dat ek geen waardevolle vergoeding vir of weens die vervreemding van die voormelde eiendom ontvang het of sal ontvang nie.

En ek lê hierdie plegtige verklaring af, konsensieus gelowende dat dit waar is.

Verklaar voor my te dag van 19, op hierdie (w.g.) MAGISTRAAT OF KOMMISSARIS VAN EDE.

FORM "B".

DECLARATION OF PURCHASER.

I, C.D., do solemnly declare that on the day of 19, and not before, I bought from A.B. the property herein described (here describe the property), and that the full and true consideration given by me for such property whether to the said A.B. or any other person in connection with such sale is £, and I further declare that I have not, nor has any person to my knowledge on my account, given, nor is there by me or on my behalf to be given any other valuable consideration for or in respect of or in connection with the alienation to me of the said property, save and except certain charges or payments which fall under or come within one or more of the heads or items of charges or payments mentioned in section four of the Transfer Duty Consolidation and Amendment Ordinance, 1935.

And I make this solemn declaration conscientiously believing the same to be true.

Declared before me this day of 19, C.D. MAGISTRATE, OR COMMISSIONER OF OATHS.

FORM "C".

DECLARATION OF EXCHANGE.

We, the undersigned, proprietors respectively of the following properties, that is to say:

I, the said proprietor of and I, the said proprietor of do severally, solemnly and sincerely declare that we have mutually agreed with each other to the following exchange, namely:—

(Particulars of the exchange and value of the property exchanged and the value of any consideration (other than the value of the property so exchanged, if any) given or promised by the one to the other or any person on their behalf.)

And we declare that we have not nor has any person to our knowledge on our account given or received nor is there by us or on our behalf to be given or received by the one to or from the other of us any money or other valuable consideration other than is hereinbefore stated, for, or in respect of the exchange and mutual transfer of the said properties, and we make this solemn declaration conscientiously believing the same to be true.

Declared before me at this day of 19, (sgd.) (sgd.) MAGISTRATE, OR COMMISSIONER OF OATHS.

FORM "D".

DECLARATION OF DONOR.

I, A.B., declare solemnly that in consideration of the special affection and esteem which I feel and cherish for C.D., and by reason of the good and valid consideration which specially prompts me thereto, I, by way of *donatio inter vivos* or gift between living persons have irrevocably presented, given and bestowed on and for the benefit of the said C.D. certain property: (here describe the property).

And I, the said A.B., do further declare that I presented the said property as a gift to the said C.D. on the day of 19, and not before that date, and I neither have nor shall receive any valuable consideration for or on account of the alienation of the said property.

And I make this solemn declaration conscientiously believing the same to be true.

Declared before me at this day of 19, (sgd.) MAGISTRATE, OR COMMISSIONER OF OATHS.

VORM "E".

VERKLARING VAN BEGIFTIGDE.

Ek, C.D., verklaar plegtig dat ek die skenking van sekere eiendom (beskryf die eiendom hier) by wyse van *donatio inter vivos* of skenking tussen lewende persone deur A.B. aan my gedoen en gegee, aanneem.

En ek, die voormelde C.D., verklaar dat die voormelde A.B. die skenking gedoen het op die dag van 19 , en nie voor daardie datum nie; en dat nòg ek nòg iemand anders ten behoeve van my of op my rekening enige waardevolle vergoeding van welke aard dan ook vir of weens die vervreemding van die voormelde eiendom gegee het of belowe het om te gee nie.

En ek lê hierdie plegtige verklaring af, konsensieus gelowende dat dit waar is.

Verklaar voor my te dag van 19 op hierdie (w.g.)

MAGISTRAAT OF KOMMISSARIS
VAN EDE.

VORM "F".

VERKLARING VAN EKSEKUTEUR.

Ek, A.B., eksekuteur (of eksekutriese) in die (gesamentlike) boedel van die oorlede (en oorlewende gade) ten opsigte van die briewe van administrasie deur die Meester van die Hooggeregshof op die dag van 19 , ten gunste van my geteken, verklaar plegtig en opreg dat ek waaragtig en wettig ooreenkomstig die testament van (of met die kennis van alle belanghebbende partye of toestemming van die Meester van die Hooggeregshof) die hierin beskrywe eiendom, te wete:

(beskryf die eiendom hier.)

aan C.D. toegeken het.

En ek, die voormelde A.B., verklaar dat ek die voormelde eiendom op die dag van 19 toegeken het.

En ek verklaar verder dat die voormelde C.D. die enigste persoon is aan wie ek die toekening gedoen het, en niemand anders nie.

En ek lê hierdie plegtige verklaring af, konsensieus gelowende dat dit waar is.

Verklaar voor my te dag van 19 op hierdie (w.g.)

MAGISTRAAT OF KOMMISSARIS
VAN EDE.

VORM "G".

VERKLARING VAN AKSEPTANT VAN LEGAAT OF ERFENIS.

Ek, C.D., verklaar plegtig dat ek die legaat of erfenis bestaande uit die hierin beskrywe eiendom, te wete:

(beskryf die eiendom hier.)

soos aan my toegeken deur die eksekuteur (of eksekutriese) van die (gesamentlike) boedel van (en oorlewende gade) aangeneem het.

En ek, die voormelde C.D., verklaar dat ek die eiendom soos bo beskrywe op die dag van 19 aangeneem het.

En ek maak hierdie plegtige verklaring, konsensieus gelowende dat dit waar is.

Verklaar voor my te dag van 19 op hierdie (w.g.)

MAGISTRAAT OF KOMMISSARIS
VAN EDE.

VORM "H".

DEUR VERHUURDER VAN VASTE EIENDOM.

Ek, A.B., verklaar plegtig en opreg dat ek op die dag van 19 aan C.D. vir 'n (1) tydperk van die hierin beskrywe eiendom (beskryf die eiendom hier) gehuur het, en dat die volle vergoeding wat ek vir sodanige huur ontvang het of wat aan my belowe is, bedra:—

- (a) 'n jaarlikse huur van £
(b) by wyse van verdere vergoeding, £

FORM "E".

DECLARATION OF DONEE.

I, C.D., declare solemnly that I accept the present by way of *donatio inter vivos* or gift between living persons made and given to me by A.B., of certain property (here describe the property).

And I, the said C.D., declare that the said A.B. made the gift on the day of 19 , and not before that date; and neither I nor anyone else on my behalf or for my account has given or promised to give or pay any valuable consideration whatever for or on account of the alienation of the said property.

And I make this solemn declaration conscientiously believing the same to be true.

Declared before me at of 19 this day (sgd.)

MAGISTRATE, OR COMMISSIONER
OF OATHS.

FORM "F".

DECLARATION OF EXECUTOR.

I, A.B., Executor (or Executrix) in the (joint) Estate of the late (and surviving spouse) in respect of which Letters of Administration were signed by the Master of the High Court in my favour on the day of 19 , do solemnly and sincerely declare that I truly and lawfully awarded to C.D. in terms of the will of (or with the knowledge of all interested parties, or consent of the Master of the High Court) the property herein described, that is to say:—

(Here describe the property.)

